4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die deelpunt toe vir die bewerking van daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). **LW**: As syfers aangedui is in die nasienriglyne vir komponent-dele in bewerkings wat nie deelpunte verdien nie, kan die metodepunt van die finale antwoord ook nie toegeken word nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui in die nasienriglyne, kan deelpunte toegeken word om die verskil in kwaliteit van kandidate se antwoorde te bepunt.
7. Indien kandidate meer as die verlangde aantal antwoorde verskaf, ondersoek alle antwoorde tot voordeel van die kandidaat. Strafpunte kan toegeken word vir vreemde items, indien volpunte toegeken is.
8. Hierdie nasienriglyne is nie vir verspreiding in die publiek nie' omdat sekere items dalk verkeerd gehanteer is. Aanpassings is gemaak a.g.v. sekere vrae se nuanses (konteks).
9. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
10. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
11. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek.
    **LW**: Kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷, wees vlg. kandidaat se bewerkings (indien geldig) of vlg. nasienriglyne.
12. In bewerkings, moet nie punte toeken nie vir bewerking as teller en noemer omgeruil is – hierdie is ook op verhoudings van toepassing. Indien een lyn getoon word, aanvaar dit as die teller.
13. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat foutief is nie, ten minste gedeeltelik. Dui aan met 'n ☒.
14. Wees bedag daarop dat party kandidate geldige alternatiewe buite die memorandum verskaf. Neem kennis dat een kommentaar meer as een aspek kan aanspreek
15. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 10 bladsye.**

## VRAAG 1

**1.1**

| | | |
|---|---|---|
| **1.1.1** | Waar | ✓ |
| **1.1.2** | Waar | ✓ |
| **1.1.3** | Onwaar | ✓ |

aanvaar W of O

**3**

## 1.2 VIOLET WINKELS

**1.2.1 DATEER DIE KONTANTJOERNALE VIR 30 APRIL 2023 OP.**

| KONTANTONTVANGSTE-JOERNAAL | | | KONTANTBETALINGS-JOERNAAL | |
|---|---|---|---|---|
| | **Bedrag** | | | **Bedrag** |
| **Totaal** | **115 600** | | **Totaal** | **217 800** |
| | 900# (5 480 – 4 580) twee punte ✓✓ | # Ken TWEE punte saam toe vir 5 480 in KOJ EN 4 580 in KBJ. (Geen deelpunte) | | 15 000 ✓✓ |
| | 8 400 ✓ | | | 2 880 ✓ |
| | 18 300 ✓ | | | 740 ✓ |
| | | | | 580 ✓ (360 + 220) een punt |
| | | | | |
| | | | | |
| | 143 200 Moet 115 600 insluit | ☑ vir beide totale een deel korrek | | 237 000 Moet 217 800 insluit |

**10**

-1 (maks. -1) vreemde / oorbodige items (slegs as punt(e) iewers anders verdien is vir dies. syfer(s)
By die toeken van die metodepunt vir totale, moet kandidate NIE volpunte verdien waar foutiewe syfer(s) ingesluit is nie. Dui dit aan met die ☒ (nasienbeginsel 13)

**1.2.2 Bereken die korrekte Bankrekeningsaldo op 30 April 2023.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| sien 1.2.1 (KOJ) en (KBJ)<br>49 720✓ + 143 200 ☑ – 237 000☑<br><br>**OF** 49 720 een punt - 93 800 twee m.punte<br><br>**OF** 237 000 – 49 720 – 143 200 (tekens omgeruil)<br><br>49 720 / 143 200 / **o/d 44 080** \| 237 000 | (44 080) ☑<br>een deel korrek<br>ignoreer tekens<br><br>Kontroleer Dt/Kt vir BVS in 1.2.3 |

**4**

Wees bedag op alternatiewe uiteensetting vir berekeninge, bv. grootboekrekeningformaat
Let ook op joernaaltotale wat as bewerkings getoon word om die banksaldo te bereken.

**1.2.3**

| BANKVERSOENINGSTAAT OP 30 APRIL 2023 | | | |
|---|---|---|---|
| | **Alternatief** | **DEBIET** | **KREDIET** |
| Saldo per Bankstaat<br>Moenie 12 200 of 49 720 as balanseersyfers aanvaar nie | 20 110 | Balanseersyfer; Dt & Kt-totale moet dieselfde wees | 20 110 ☑<br>kan Dt wees |
| Uitstaande deposito | 22 500 | | 22 500 ✓ |
| Uitstaande EFO Nr. 883 | (9 520) | 9 520 ✓ | |
| Nr. 884 | (12 530) | 12 530 ✓ | |
| Fout op bankstaat | (65 000) | 65 000 ✓✓ | |
| Korrigeer fout | 360 | | 360 ✓✓ |
| Saldo per Bankrekening | (44 080) | *kan Dt wees | 44 080 ☑ |
| | | 87 050 | 87 050 |

**9**

* Kontroleer 1.2.2 om vas te stel of kandidate 'n gunstige of oortrokke saldo bereken het.
-1 Aanbieding ('*presentation*') (onvanpaste of geen besonderhede getoon)
-1 vreemde items / oorbodige items (slegs as punt(e) iewers anders vir dies. syfer verdien is).Maks. -1.
Daar word van kandidate verwag om Dt- en Kt-kolomme aan te dui. Indien nie, ken punte toe asof kolomme vir al die inskrywings omgeruil is (kontroleer saldo's). Andersins, aanvaar die eerste kolom as die debietkolom.
Toeken van metodepunt vir die balanseersyfer in die BVS: Kontroleer dat kandidate NIE volpunte behaal as hulle enige foutiewe/oorbodige syfers ingesluit het nie. Dui met 'n ☒ aan (Nasienbeginsel 13)

**1.2.4** **Violet het probleme met die deponering van kontant opgemerk. Verduidelik TWEE maatreëls wat sy kan gebruik om hierdie probleme op te los.**

TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓ deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoorde
Moet verband hou met die besigheid se kontantdeposito's

- Implementeer 'n vaste deponeer-roetine/beleid vir daaglikse deponering.
- Stel 'n ander persoon aan wat verantwoordelik is vir deponering van kontant (verdeling van pligte vir een punt).
- Gebruik kontanttransito-dienste (sekuriteitsmaatskappye) / verdeel groot bedrae in kleiner deponeringsbedrae.
- Hou toesig oor die deponering van fondse/doen onafhanklike (onbeplande) kontroles / magtig fondse wat gedeponeer moet word / kontroleer dokumentasie (depositostrokies) voor en na deponering.
- Moedig meer klante aan om per EFO te betaal (minder kontanthantering).
- Aktiveer bankkennisgewingsdienste vir alle transaksies (ontvang SMS).
- Doen gereelde/onbeplande versoenings met mini-state vanaf die bank-toepassing as 'n tussentydse beheermaatreël/ rekonsilieer kontant en kredietkaarttransaskies daagliks om latere foute te voorkom.

**4**

| TOTALE PUNTE | 30 |
|---|---|

## VRAAG 2

2.1.1 – 2.2.2 Kontroleer bewerkings met die toekenning van die m.punt vir die finale antwoord

**2.1.1 Bereken: Waarde van die slotvoorraad van die Arctic TV-stelle op 28 Februarie 2023 deur die EIEU-metode te gebruik**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| (300 – 60) een punt [270 – 240] een m.punt<br>240 ✓ x R4 100 ✓ + 30 ☑ x R4 000 ✓<br>984 000 twee punte 120 000 twee punte<br><br>Slegs bedrae gebruik:<br>[1 230 000 – 246 000] twee punte [1 600 000 – 1 480 000] twee punte<br>984 000 + 120 000 | 1 104 000 ☑<br>een deel korrek<br>AS die twee voorraadwaardes (R) bymekaar getel is |

**5**

**2.1.2 Bereken: Voorraadhoudingsperiode (in dae) van die Arctic TV-stelle op 28 Februarie 2023 met gebruik van slotvoorraadsyfer**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| **Kies slegs EEN opsie:**<br>sien 2.1.1<br>1 104 000 ☑ / 6 010 000 ✓ x 365 | 67 dae ☑<br>een deel korrek<br>AS x 365<br>'dae' nie 'n vereiste |
| **OF (eenhede gebruik)**<br>270 een punt / 1 550 een punt x 365<br>Teller en noemer moet as sulks gemerk word / alle bedrae is alleenstaande | **OF**<br>63,6 dae<br>m.punt<br>Aanvaar 64 dae |

**3**

**2.2.1 Bereken: Waarde van die slotvoorraad van Pacific TV-stelle op 28 Februarie 2023 deur die spesifieke identifikasiemetode te gebruik.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| Berekeninge slegs vir Pacific TVs<br>(350 een punt + 800 een punt)<br>1 150 ✓☑ – 765 ✓<br>385 drie punte x R9 300<br><br>Voorraadwaardes (R) gebruik:<br>beginvooraad aankope KvV<br>3 255 000 + 7 440 000 – 7 114 500<br>een punt een punt een punt<br><br>Voorraadsaldo aan die einde van elke kwartaal:<br>(500 + 155 - 160 - 110)<br>385 eenhede x 9 300 | 3 580 500 ☑<br>een deel korrek<br>AS x 9 300 |

**4**

**2.2.2 Bereken: Bruto wins op Caspian Smart TV-stelle op 28 Februarie 2023**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| 10 934 400 ✓ x [60/160] ✓<br><br>**OF** 10 200 x 60%<br>R6 120 een punt x 670 een punt<br><br>10 200 x 670<br>**OF** R6 834 000 een punt x 60% een punt<br><br>**OF** R10 934 400 een punt – R6 834 000 een punt | 4 100 400 ☑<br>een deel korrek |

**3**

**2.2.3** **Lewer kommentaar op die kwartaalverkope van die Pacific TV-stelle en verduidelik of Mandie se aanpassing van die verkoopprys 'n wyse besluit was, of nie. Haal syfers of berekeninge aan.**

**Verduideliking / Kommentaar op die besluit**

Vermindering in verkoopprys was nie 'n wyse besluit nie ✓ **want** ...(enige van die volgende):✓ verkope het nie soos verwag toegeneem nie / afname in verkope oor elke kwartaal / fondse is opgesluit in voorraad / afname in bruto wins oor tyd.

**Vergelykende syfers** ✓✓ Enige twee syfers uit elke punt (kan ook syfers van 1ste tot laaste kw. insluit)

- Eenhede verkoop per kwartaal verminder (van 250 of 245) tot 160 (met 85) / tot 110 (met 50) eenhede / met 56%.
- Bruto wins per eenheid verminder in elke kwartaal, (van R4 200) tot R1 000 tot R500.
- Verkoopsinkomste verminder (van R3 375 000) tot R1 078 000 in die laaste kwartaal.
- Eindvoorraad is 35 eenhede meer as beginvoorraad (385 – 350)

**4**

**2.2.4** **Lewer kommentaar op die voorraadhoudingsperiodes van die Pacific en Caspian TV-stelle. Haal syfers of berekeninge aan.**

**Kommentaar op Pacific**✓ **syfer** ✓

VHP van 184 dae (6 maande) is te lank / ouer model wat nie in die toekoms sal verkoop nie / afname in eenhede verkoop, het gelei tot hoë voorraadwaarde van R3 580 500 *sien 2.2.1* en laer wins.

**Kommentaar op Caspian**✓ **syfer** ✓

VHP van 71 dae (2,3 maande) is aanvaarbaar, want dis 'n nuwe, duursame produk wat maklik sal verkoop / is in aanvraag

**LW**: Aanvaar gekombineerde antwoorde wat beide VHP vergelyk; met toepaslike syfers & kommentaar, bv 113 dae of 3,8 maande (twee punte).

**4**

**Verduidelik hoe die verskillende houdingsperiodes die onderneming finansieel beïnvloed. Haal syfers of berekeninge aan.**

Wees bedag op gekombineerde antwoorde wat toepaslike verduidelikings/syfers insluit

**Pacific: Verduidelik** ✓ **Syfer(s)** ✓**;**

- Pacific plaas besigheid onder finansiële druk / veroorsaak kontantvloeiprobleme
- Hoë eindvoorraad van R3 580 500 (sien 2.2.1) en stadiger verkope (van 250) tot 110 eenhede beteken fondse is opgesluit in voorraad / vereis meer likiede- of bedryfskapitaal / lei tot meer kostes a.g.v. versekering / opbergingskoste / moontlike veroudering van voorraad, skade.

**Caspian: Verduidelik** ✓ **+ Syfer(s)** ✓

- Caspian verkoop goed (340 & 330 in twee kwartale) / verkoopsinkomste is hoog (R5 5548 800 en R5 385 600 of R10 934 400); beter bruto wins (R4 100 400 sien 2.2.2) / verminder druk op likiditeit / belegging in voorraad sal gouer in kontant omgesit (verhaal) word in die nabye toekoms.

**4**

**Verduidelik wat hierdie periodes aandui oor die voorkeure van klante. Haal syfers of berekeninge aan.**

**Verduideliking (verwys/impliseer beide produkte)** ✓✓ deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoorde

Klante stel nie meer in Pacific belang nie (ou tegnologie) / word dalk negatief geraak deur nuwer produk wat bygekom het / Hulle verkies nuwer en duurder Caspian.

**Syfers (vergelyking van elke produk)** ✓✓

Geleidelike vermindering van Pacific se verkoopprys, (van R13 500) tot R9 800 het nie klante beïnvloed nie. Hulle is bereid om meer vir Caspian te betaal, R16 320 vs R9 800 vir beter gehalte/nuwer tegnologie/beter kenmerke/ lae verkope: vergelyk (110 vs 330/ 160 vs 340/ 270 vs 670) Caspian verkoop vinniger; 83,75% van die beskikbare voorraad vs 66,5% van Pacific s'n.

**4**

**2.2.5** **Verskaf TWEE punte van advies aan Mandie oor hoe sy die hoë voorraadvlakke van sommige van haar produkte kan regstel sonder om pryse vir klante aangebied, verder te verminder.**

TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓ deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoorde

- Stuur van die TVs na die ander tak (Howick) om verskeidenheid aan klante daar te bied.
- Vergroot teikenmarkgebied deur ander gebiede/gastehuise/hotelle te ondersoek
- Verkoop in grootmaat aan ander kleinhandelaars (bied grootmaatafslag).
- Stel aanlynverkope in as 'n koste-besparingsmaatreël
- Donasies / Plaaslike skenkings as deel van korporatiewe sosiale verantwoordelikheid /vir belastingvoordele
- Bevorder verkope deur meer gereeld te adverteer of spesiale pakketaanbiedings (kombo's)
- Bied gunstiger afbetaalterme (laer deposito / paaiemente).
- Bied aansporings aan verkoopspersoneel gebaseer op hul verkoopsyfers

**4**

| TOTALE PUNTE | 35 |
|---|---|

## VRAAG 3

### 3.1 LADOO VERVAARDIGERS

### 3.1.1 FABRIEKSBOKOSTE

Bewerkings in vierkantige hakies word gereken as een deel; kan nie apart gemerk word nie.

| | | |
|---|---|---|
| **TOTAAL voor regstellings** | **2 638 600** | |
| Versekering 217 800 x 2/3<br>[235 950 – 18 150]<br>**OF** [235 950 x 12/13] | 145 200 | ✓☑* |
| Water en elektrisiteit<br>69 200 x [560/160] **OF** 415 200 x [560/960] | 242 200 | ✓☑* |
| Huuruitgawes [1 264 000 x 5/8]<br>316 000 ✓ x 3/2 ✓ **OF** 790 000 – 316 000 **OF** 158 000 x 3<br>een punt een punt een punt een punt | 474 000 | ☑* |
| bewerking; moet 2 638 600 insluit | 3 500 000 | ☑* |

*een deel korrek

Ignoreer hakies; vir vreemde items, penaliseer op finale antwoord

**8**

### 3.1.2 PRODUKSIEKOSTESTAAT OP 28 FEBRUARIE 2023

Bewerkings in vierkantige hakies word gereken as een deel; kan nie apart gemerk word nie

| | | |
|---|---|---|
| Direkte materiaalkoste Primêre koste - DAK | 6 750 000 | ☑ |
| Direkte arbeidskoste (40 x 60 x 1 920) twee punte<br>4 608 000✓✓ + 1 142 000 ✓ | 5 750 000<br>een deel korrek | ☑ |
| **PRIMÊRE KOSTE** | **12 500 000** | |
| Fabrieksbokoste sien 3.1.1 | 3 500 000 | ☑ |
| **TOTALE VERVAARDIGINGSKOSTE** PK + FBK | 16 000 000 | ☑ |
| **Goedere-in-bewerking aan begin van die jaar** | **542 000** | |
| | 16 542 000 | |
| **Goedere-in-bewerking aan einde van die jaar**<br>balanseersyfer; aanvaar 'n positiewe syfer | (629 500) | ☑ |
| **KOSTE VAN PRODUKSIE VAN KLAARPRODUKTE**<br>33 500 x 475 | 15 912 500 | ✓✓ |

Misplaaste items: ken slegs punte toe vir bewerkings (Sien DAK)
AS finale antwoord korrek is, maar geen bewerkings getoon, ken slegs die bewerkingspunte toe.

**10**

### 3.2 STYLZ MAKER

### 3.2.1

**Doen 'n berekening wat sal bevestig dat die 2023-gelykbreekpunt korrek is.**

[5 600 000 + 500 000] een punt
OF [10 500 x 581] een punt

$$\frac{\text{R6 100 000 ✓}}{\text{R1 830 ✓ – R563✓}} = 4814{,}5 \text{ of } 4815 \text{ eenhede (gegee)}$$

1 267 twee punte

Teller en noemer moet as sulks gemerk word / Teller is 'n alleenstaande syfer

| | Verkope by GBP | | totale Vaste koste | | Veranderlike koste by GBP | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **OF** | 8 810 576,2 | – | 6 100 000 | – | 2 710 576,2 | = 0 |

**3**

**Lewer kommentaar op die produksievlak en die gelykbreekpunt vir die afgelope twee jaar. Verduidelik of Lez Styles met die tendense in hierdie resultate en die wins wat hy verdien, tevrede sal wees. Verskaf syfers of berekeninge.**

Verduideliking ✓✓ (moet vergelyking tussen produksie en GBP insluit)
Vergelykende syfers ✓✓

**Moontlike antwoorde vir 4 punte**:

- Produksie in 2023 het GBP met 5 685 eenhede oorskry (10 500 – 4 815)/ maak wins op 5 685 eenhede / op 54% van eenhede vervaardig / wins van R 202 895 (R1 267 x 5 685)
- Besigheid kan wins maak op 5 685 eenhede in 2023, in vergelyking met wins op 2 233 eenhede / op 34% van eenhede vervaardig in 2022 (6 500 – 4 267) / addisionele 3 452 eenhede.

**Vir 2 punte maks**
Indien produksie NIE met GBP vergelyk is nie, merk slegs EEN van die opsies hieronder:

- Eenhede geproduseer verhoog met 4 000 (10 500 – 6 500) / met 61,5%
- GBP verhoog met 548 eenhede (4 815 - 4 267) / met 12,8%.

**4**

**3.2.2** **Verduidelik waarom Lez nie bekommerd is oor die styging in vaste koste in 2023 tot R6,1 m. nie. Haal syfers aan.**

Verduideliking ✓✓ Syfers ✓✓ deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoorde

- Benut ekonomie van skaal, a.g.v. verhoging in produksie (van 6 500) tot 10 500 /tot 4 000 eenhede / met 61,5%.
- Vaste koste per eenheid neem af (van R631) tot R581 / met R50 / met 7,9%.

**4**

**3.2.3** **Identifiseer hoe die verkoops- en verspreidingskoste in totaal en per eenheid oor die afgelope twee jaar verander het. Haal syfers aan.**

**Werklike vergelykende bedrae (syfers)** ✓
Totale verkoops- en verspreidingskoste het (van R300 000) tot R1 200 000 verhoog / met R900 000 / 300%.

**Per eenheid vergelykende syfers** ✓
Eenheidskoste verhoog (van R46) tot R114 / met R68 / met 148%

**2**

**Verduidelik TWEE redes waarom Lez doelbewus hierdie koste wou aanpas.**

Enige TWEE geldige redes ✓ ✓ Aanvaar kort stellings

- Wil meer mededingend in die internasionale mark wees
- Wil 'n wyer mark bereik – maak staat op buitelandse markte.
- Meer bekostigbaar vir buitelandse klante / hulle is bereid om te betaal
- Moet wisselkoerse in ag neem
- Moet voorsien vir hoë verskepingskoste en uitvoerbelastings

**2**

**3.2.4** **Lez het spesifieke besluite geneem om die onderneming en hulle produk te verbeter. Verduidelik hoe die besluite wat hy geneem het, die onderneming bevoordeel het deur die volgende te verskaf:**

**TWEE verskillende punte met betrekking tot die grondstowwe. Haal syfers of berekeninge aan.**

Wees bedag op dieselfde punt wat verskillend uitgedruk word .

| **Verduidelik TWEE verskillende punte** ✓✓ ✓✓ deelpunte vir onvolledige / onduidelike antwoorde | **Spesifieke syfer(s)** vir elke punt ✓ ✓ |
|---|---|
| • Bereid om hoër prys vir beter gehalte materiaal te betaal om beter gehalte hemde te vervaardig. | Betaal R200 (R110 in 2022) / 81,2% per meter meer. |
| • Verhoging in VP het klante nie ontmoedig om nuwe (duurder) hemde te koop nie. | 4 000 meer hemde verkoop / VP verhoog (van R1 430) tot R1 830 / met R400 / met 28% |
| • Goeie gehalte materiaal het minder vermorsing tydens produksie tot gevolg gehad. | Gebruik 1,8m materiaal p. hemp in 2023 (2,5m in 2022) |
| | Gebruik 43 200m om 10 500 hemde in 2023 te maak (44 000m vir 6 500 hemde in 2022) / 800m of 1,8% minder. |

**6**

**TWEE verskillende punte met betrekking tot die direkte arbeid. Haal syfers of berekeninge aan.**

Wees bedag op dieselfde punt wat verskillend uitgedruk word .

| **Verduidelik TWEE verskillende punte** ✓✓ ✓✓ deelpunte vir onvolledige / onduidelike antwoorde | **Spesifieke syfer(s)** vir elke punt ✓ ✓ |
|---|---|
| • Beter werwing en opleiding het gelei tot meer gemotiveerde en effektiewe werkers. | Vervaardig 4 000 /62% meer hemde in 2023. Gemid. uitset per werker verhoog (van 433) tot 875 hemde / 442 meer / 5,5 hemde per uur (2023) vs. 3,4 hemde per uur (2022). |
| • Belegging in toerusting en opleiding het gelei tot 'n vermindering in direkte arbeidskoste. | DAK verminder met R24 000 / DAK p.e. verminder (van R148) tot R89 / met 40%. |
| • Vermindering in die aantal werkers en 'n hoër gemiddelde loon (om vaardighede te erken) het beter produksie-uitset tot gevolg gehad. | Van 15 tot 12 werkers / Gemid. lone verbeter (van R64 000) tot R78 000 / met R14 000 / met 22% |
| • Handhawing van die ure gewerk per werker het gelei tot 'n verlaging in die totale vervaardigingsure (en 'n verlaging in totale lone) maar het nie vervaardiging negatief beïnvloed nie. | 1 920 ure per werker /totale ure verminder (van 28 800) tot 23 040 /met 5 760 /20% /DAK verminder met R24 000 |

**6**

| **TOTALE PUNTE** | **45** |
|---|---|

## VRAAG 4

### 4.1

| NR. | KONTANTBEGROTING | | GEPROJEKTEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE | |
|---|---|---|---|---|
| | ONTVANGSTE | BETALINGS | INKOMSTE | UITGAWES |
| **4.1.1** | | 26 400 ✓ | | 550 ✓ |
| **4.1.2** | 675 ✓✓ | 90 000 ✓ | 675 ☑ sien ontvangste | |

-1 per lyn vir addisionele syfers, maar slegs as 'n punt op dié lyn verdien is

**6**

### 4.2 ALICE MEUBILEERDERS (EDMS.) BPK.

### 4.2.1 DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE

| | KREDIET-VERKOPE | MEI | JUNIE | JULIE |
|---|---|---|---|---|
| **April** | **882 000** | **485 100** | **194 040** | Oorbodige syfers; verbeur punt op totaal |
| **Mei** | **891 800** | **164 983** | **490 490** | 196 196✓✓ |
| **Junie** | **921 200** | | **170 422** | 506 660✓✓ |
| **Julie** | **931 000** | | indien 20% x 92,5% OF 186 200 | 172 235 ✓☑* AS bewerkings getoon is |
| | | **650 083** | **854 952** | 875 091 ☑* |

*een deel korrek

Misplaaste items; ken slegs punte toe vir bewerkings

**7**

### 4.2.2 Bereken:

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| **(i) Kontantverkope vir Julie 2023**<br>1 330 000 – 931 000 **OF** 1 330 000 x 30%<br>**OF** 931 000 x 30/70 | 399 000✓✓<br>geen deelpunte |
| **(ii) Leningsbedrag in Junie 2023**<br>5 500 ✓ x 12/1 ✓ x 100/11 ✓<br>66 000 twee punte<br>(totale rente vir die jaar)<br>**OF**<br>5 500 een punt x 12 een punt / 0,11 een punt<br>Wees bedag op alternatiewe uiteensettings van bewerkings | 600 000 ☑<br>een deel korrek |
| **(iii) Betalings aan krediteure in Julie 2023**<br>910 000 x 80% | 728 000 ✓☑<br>AS x80% |

**8**

### 4.2.3

| **Bereken die % verhoging wat werkers in Julie 2023 sal ontvang.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| [182 320 – 172 000] een punt<br>10 320 ✓ / 172 000 ✓ x 100* **OF** 182 320 / 172 000 x 100<br>106% - 100%<br>twee punte<br>*100 word nie gereken as 'een deel korrek' nie'<br>Teller en noemer word as sulks gemerk / almal is alleenstaande syfers | 6% ☑<br>een deel korrek<br>%-teken nie nodig<br>kontroleer bewerkings om hierdie m.punt toe te ken |

**3**

**Gee TWEE redes waarom jy dink die werkers behoort met hierdie verhoging tevrede te wees.**

Enige TWEE punte ✓ ✓ Syfers nie vereis nie. Aanvaar kort stellings, gebaseer op bewerking in 4.2.3

- Huidige inflasiekoers is in ag geneem.
- Stand van die ekonomie – resessie / hoë werkloosheid
- Besnoeiings deur besighede - stygende kostes
- Kontantvloeiprobleme van die besigheid – moes lening aangaan
- Verlaging in direkteursgelde
- Salarisverhogings is normaalweg hoër as die styging in ander uitgawes op die begroting.

**2**

**4.2.4 Lewer kommentaar op die doeltreffendheid van die advertensies. Verskaf syfers of berekeninge.**

Kommentaar (vergelyk met verkope) ✓✓
Deelpunte vir onvolledige antwoorde (slegs advertensies **OF** slegs verkope)
Vergelykende syfers (slegs uit 'Inligting F' (Mei) ✓✓ moet **%s** vergelyk; een punt as bedrae getoon is

- Verkope is laer as wat begroot is met 15% (R191 1000/R1 274 000) maar advertensies is minder as begroot met 3,7% (R1 400/R38 220)
- Advertensies: begroot teen 3% van verkope (38 220/1 274 000), werklike uitgawe is 3,4% van verkope (36 820/1 082 900).

**4**

**Alice is tevrede met die beheer oor afleweringsuitgawes. Verskaf syfers of berekeninge om haar gevoel te motiveer.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| Berekening moet die 5%-teiken aanspreek<br>$\frac{54\ 100}{1\ 082\ 900}$ x 100* *nie 'een deel korrek' nie<br>**OF** 1 082 900 x 5% **OF** 54 145 - 54 100<br>63 700 – 54 100 = 9 600 een punt-opsie | 4,9 of 5% ✓☑<br>een deel korrek<br>**OF** 54 145 twee punte<br>**OF** R45 twee punte |

**2**

**Identifiseer 'n ander kwessie (probleem) vir ELKE voertuig wat haar kommer bevestig. Verskaf syfers of berekeninge om haar gevoel te motiveer.**

| | |
|---|---|
| **Voertuig 1**<br>Probleem ✓<br>Syfer ✓ | • Hoë onderhoud, R9 500 van R16 000 /59% van begroting<br>• Gebruik 65,6% van totale afleweringsuitgawes (35 500/54 100)<br>• Hoë kilometers afgelê, 1 260 km van 1 800 km /70% van werkslading<br>• Voertuig is 4 jaar ouer as voertuig 2 en word oorbenut (1 260 km). |
| **Voertuig 2**<br>Probleem ✓<br>Syfer ✓ | • Onderbenut; slegs 540 km afgelê (30% v werklading) /720km minder as Voertuig 1<br>• Gebruik R14 000 van R40 000 brandstof /35% van begroting / Vermoed misbruik.<br>• Gemiddelde afleweringsuitgawes is R34,44 p.km vs R28,17 van voertuig 1 / begrote gemiddelde, R31,85<br>• Drywer ontvang dies. salaris, R15 000, maar is onproduktief. |

**4**

**Maak TWEE voorstelle oor hoe Alice die gebruik of doeltreffendheid van die voertuie kan verbeter.**

Enige TWEE aanbevelings ✓✓ ✓✓ deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoorde

- Hou 'n rit-logboek en kontroleer dit gereeld
- Stel teikens vir elke drywer per week of maand/balanseer werklading per voertuig.
- Beplan vir gereelde onderhoud (diens) van voertuie vir langtermyn produktiwiteit
- Betaal drywers vir werk gelewer, i.p.v. 'n vaste salaris (aansporings of motivering)
- .Installeer opsporingstoestelle (GPS) om misbruik van voertuie te beperk
- Ruil die gebruik van voertuie om – ouer voertuig doen korter ritte /nuwer een die langer ritte
- Kombineer ritte / vragte wat in dies. rigting gedoen word / stel tarief per rit vas volgens afstand afgelê.

**4**

| **TOTALE PUNTE** | **40** |
|---|---|

**TOTAAL: 150**